



# Hoofstuk van die dag: Rigters 7

> *Maar as jy bang is om hulle aan te val, moet jy en jou slaaf Pura eers in hulle kamp ingaan. (vers 10)*

Gideon het bes moontlik gevoel die Here het hom met ’n slap riem gevang. Hy was bereid om op die Here se bevel teen die

Midianiete op te trek, maar nou sit hy met net 300 man. Dit mos onmoontlik! Dis hoe ek sou voel. Tog lees ons nie dat Gideon iets daaroor gesê het nie. Sou dit wees dat God se versterking met die stukkie vlieswol hom uiteindelik oortuig het?
Ons weet nie. Wat ons wel weet, is dat God dit nodig geag het om hom met nog ’n laaste teken te versterk. Hy stuur Gideon en sy slaaf tot binne-in die vyandelike laer, en daar hoor hy alles wat hy wou weet. God sal hom help.
Paulus skryf in Fil 2:12b-13 (2020-vertaling): “… werk met vrees en bewing aan julle verlossing. Want Hy wat die gewilligheid en die optrede in julle bewerk soos Hy dit goedvind, is God.” Die gewilligheid én die dade wat ons doen, kom van God. Uiteindelik is dit Hy wat die sukses bring, soos Gideon ook met sy strydkreet (vers 20) erken het: “Die swaard van die Here en Gideon!”

## Onlangse Bydraes


- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23  Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob


## Argief

Argief Kies 'n maand ▼


- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026